die rewolusie, van die oorlog. Dit volg op 'n springkaanplaag en die vreeslike dinamietongeluk. Ek begin sat word vir Afrika." Die dinamietongeluk waarvan hy hier melding maak het in Februarie van daardie jaar in Johannesburg plaasgevind waar 'n hele trein belaai met dinamiet ontplof het en baie dooies tengevolge gehad het.

Op sy verjaarsdag, 26 Maart, skryf hy in 'n brief aan sy vrou wat in Pretoria agter gebly het, oor gerugte van 'n kafferopstand en die algemene gespanne toestand in Bulawayo. Patrollies word uitgestuur, wapens word uitgedeel. 'n Korps Afrikaners vertrek vandag na die Shanganirivier. Vandag het ek gesien hoe hulle met die waens 'n laer op die markplein trek terwille van groter veiligheid. Onder hierdie omstandighede kan daar geen sprake van studie van die runderpes wees nie . . . Ek het gister alles aan die regering getelegrafeer. By die kantoor is ek egter gewaarsku dat ek die toestand hier nie as gevaarlik mag beskryf nie."

Hierna keer hy terug oor Betsjoeanaland en skryf briewe uit Khama se hoofstad en uit Mafeking. Vandaar is hy in opdrag van die regering na Waterberg vir verdere ondersoek. Behalwe runderpes bestudeer hy ook weer perdesiekte wat in dié streke voorkom.

Na sy terugkeer in Pretoria skryf hy op 18 Mei 'n lang en uiters interessante brief oor sy ondervindings op die reis, wat 'n skril lig gooi op die ellendige toestande wat die runderpes veroorsaak het. Die terugreis gaan oor Tati, waar gerugte oor naturelle-aanvalle hulle verontrus. „Om twee-uur het ons verder getrek (vanaf Tati) en by die Sesbirivier gekom. Hier het ons ook die slagoffers van runderpes aangetref. In die rivierbedding het die karkasse van trekosse gelê en die stank was ontsettend.

„In Mangwe het ek reeds 'n paar diere gesien wat aan die pes ly. Daar was ook transportryers wat al hulle trekdiere verloor het. Van Tati af het ons muile as trekdiere gehad tot by Palapye, die hoofstad van Khama. Langs die pad het ons transportryers gekry wat met hulle transportwaens nie verder kon kom nie omdat al hulle osse gevrek het. Dit was 'n ontsettende ellende. Die besittings van die meeste van hierdie mense is belê in hulle osse en waens. Hulle trek met vrouens en kinders en die waens is hulle tuiste. Hulle vervoer vragte van Mafeking na Bulawayo, d.w.s. 555 myl ver. Hulle leef veral op wild, veral tarrentale, patryse en fisante wat volop is."

In Palapye maak hy kennis met 'n kollega Henig uit Stuttgart, wat in diens van die Kaapkolonie is en met wie hy reeds voorheen korre-

←

*Die hoofgebou, Onderstepoort, 1926. Dr. Gertrude Theiler van Onderstepoort het geen moeite ontsien om die Redakteur van 'n hele aantal besonder interessante en unieke foto's van haar vader en sy familie te voorsien nie. Sommige van die foto's word nou vir die eerste keer in dr. Spies se artikelreeks oor dr. Theiler gepubliseer. Ons hartlike dank aan dr. Gertrude Theiler vir haar vriendelike samewerking.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

spondeer het. Saam ry hulle uit na 'n uitspanplek waar die siekte kwaai heers om daar post mortems op gevrekte osse te doen.

„Die gevrekte diere het by die dosyne rondgelê en die verarmde transportryers het radeloos daar rondgestaan. Hulle het die osse wat oorgebly het maar geslag en daar biltong van gemaak om hulle van 'n hongerdood te red." Theiler bly etlike dae in Palapye en ontmoet die naturellekaptein Khama, van wie hulle etlike beeste ent. Daarna gaan die reis na Mafeking. Hy merk wagte op die Transvaalse grens wat op sy aan-



*Dr. Arnold Theiler, die Eerste Staatsveearts van die Suid-Afrikaanse Republiek.*

*„So het ek die eerste Staatsveearts van die Suid-Afrikaanse Republiek geword — 'n doel waarna ek met baie energie en volharding gestreef het en nou bereik het . . . ."*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beveling daar geplaas is om te verhoed dat enige vee deurkom. Ten spyte hiervan het die runderpes al reeds sy verskyning in Transvaal gemaak. Van Mafeking is hy per spoor oor Kimberley, De Aar, Noupoort en Bloemfontein terug na Pretoria waar hy op 7 Mei aangekom het.

„Die Saterdag het ek die Uitvoerende Raad van die Republiek ontmoet. Ek het by die geleentheid vir die eerste keer ou Oom Paul, die President, 'n handdruk gegee."

Kort hierna is hy deur die regering weer na Mafeking gestuur om 'n runderpeskonferensie saam met afgevaardigdes van die ander state van Suid-Afrika by te woon. Die pes was toe alreeds op Mafeking. Die terugreis gaan oor Zeerust, in die omgewing waarvan die siekte al reeds gewoed het.

„Van Zeerust af het ons die pad van Jameson gevolg. Ons het die magasyne gesien wat onder valse voorwendsels opgerig is met voer en voedsel vir perde en mense. Daarna het ons oor die eerste slagveld gereis en toe op Krugersdorp aangekom." Vandaar het hulle die laaste trein na Pretoria geneem.

Die volgende dag het hy 'n regulasie teen die pes help opstel. Hy het nou eindelik 'n vaste betrekking as goewermentsveearts gekry. „So het ek die eerste staatsveearts van die Z.A.R. geword — 'n doel waarna ek met baie energie en volharding gestreef het en nou bereik het. Maar ek is nog nie aan die einde van my werk nie. Nuwe lus en vreugde besiel my en ek hoop om in my beroep nog baie te presteer. Ongelukkig is die dae nou kort en wanneer ek saans huis toe kom is dit reeds donker. Maar op vakansiedae en Sondae sit ek in my laboratorium wat uitstekend toegerus is en ek bestudeer die siektes wetenskaplik. Emma het die bestuur van die hele plaas oorgeneem en is besig om baie hoenders te teel. 'n Gelukkiger lewe as wat ons in ons huis ly kan daar nie wees nie."

Op 21 Augustus is hulle tweede kind gebore, Marguerite.

Gedurende die hele tweede helfte van 1896 is hy op verskillende plekke in Transvaal besig met navorsing teen runderpes. Hy is eers na Waterberg om 'n middel teen die siekte te probeer waarvan hy nie veel verwag het nie en wat dan ook misluk het. Maar so leer hy die Boere en die land ken. Hy is alleen spyt dat hy weens die uithuisigheid nie met sy laboratoriumondersoek kan voortgaan nie, maar daarmee help sy vrou hom baie.

In September is hy saam met die onderstaatsekretaris na Vryburg op nog 'n runderpeskonferensie waarop die hele Suid-Afrika verteenwoordig was. Daarna is hy vir ondersoek na Wes-Transvaal. Die verspreiding van die siekte het in spronge plaasgevind wat bestryding uiters bemoeilik het. „My volgende taak is om nou 'n reeks eksperimente uit te voer om te sien of daar niks op die weg van serum-inenting bereikbaar is nie. Vir hierdie doel het die regering my onbeperkte krediet gegee." Saam met die veearts van Natal, Pitchford, gaan hy nou vir drie maande in Marico werk. Hy het ewewel nie die drie maande in Marico uitgedien nie want in November skryf hy 'n brief vanuit Witfontein, Dwarsberg, distrik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Rustenburg, waar hy besonder uitgebreide proefnemings uitvoer en besonder hard werk.

Teen Kerstyd is hy egter vir tien dae by die huis. „Ek het teruggekeer om aan die regering verslag te doen van my werk gedurende die laaste 10 weke. Die president is baie tevrede met my werk en het my nog meer tyd toegestaan om my pogings voort te sit. In tussentyd sit my kollega Pitchford van Natal die eksperimente voort. Hy het reeds 6 weke verlof gehad. Ek gun my dus nog 'n paar dae rus om met my familie perskes te eet.

„In verband met my eksperimente betreffende runderpes kan ek nog geen finale opinie uitspreek nie. Maar daar is rede vir hoop en die rede is so groot en sterk dat ek oortuig voel dat ons sukses sal behaal. Die weg wat ons gevolg het is die serumterapie . . . Ek het die saak in elke rigting ondersoek en sal in staat wees om werk te lewer wat my in die wetenskap 'n naam as navorser sal verseker . . . "

„In Transvaal word baie gepraat van oorlog. Blykbaar is dit egter net as gevolg van die gebeure van verlede jaar. 'n Oorlog sal vandag 'n alte gevaarlike saak vir Transvaal wees terwyl die runderpes nog woed en onder die kaffers hongersnood heers. Ek kry die kaffers egter nie jammer nie, want vir hulle is daar genoeg werk in die goudmyne as hulle net wil werk. Die regering het selfs meel en mielies ingevoer en weer verkoop teen kosprys om 'n spekulasie in voedselware te verminder. Hy het ook duisende donkies ingevoer om die transport te doen . . .

„Ek het my baard nog langer laat groei en nou geld ek onder die Boere as oom."

Intussen was dr. Robert Koch op uitnodiging van die Kaapse regering in Kimberley werksaam om 'n middel teen runderpes te vind. „Ek beantwoord u brief gou," skryf hy op 21 Februarie 1897 aan sy vader, „voor my vertrek na Kimberley waar ek Dr. Koch wil ontmoet, wat soos julle miskien weet, 'n inenting teen runderpes gevind het. Wel, sy ontdekking is ook myne. Daar is net die verskil dat hy dit dadelik bekend gemaak het terwyl ek nog verder pogings en eksperimente wou afwag. Dit is dieselfde ontdekking waarvan ek julle Kersfees geskryf het en waarvan die resultate so goed was. Die inenting bestaan uit 'n inspuiting van serum en bloed. Die serum kom van 'n dier wat die siekte op 'n natuurlike wyse bekom het. Die bloed kom van 'n dier wat aan runderpes ly. Dit is my ontdekking wat ek reeds voor nuwejaar gemaak het, terwyl Koch dit hierdie maand gepubliseer het. Ek het die stommiteit begaan om die saak nie dadelik te publiseer nie terwyl Koch gesorg het dat die hele wêreld binne 'n paar dae daarvan geweet het."

Hy meen tog dat Koch dit nog nie op groot skaal uitgetoets het nie en te gou gegeneraliseer het.

(*Word Vervolg*)

— F. J. DU T. SPIES



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE „HOLLANDS WEEKBLAD VOOR ZUID-AFRIKA"

OP 6 Desember 1930 het die eerste nommer van bogenoemde blad in die Hoofstad verskyn met die oud-Nederlander, J. J. Groeneweg, as redakteur. Aanvanklik was dit 'n weekblad. Van 1 Augustus 1931 is dit om die veertien dae uitgegee en op 27 Augustus 1932 het 'n ander oud-Nederlander, die heer C. Plokhooy, as redakteur van die blad begin optree . . . Op 14 Januarie 1933 het die eerste uitgawe verskyn waarvan die genoemde heer Plokhooy sowel eienaar as redakteur was.

Onder sy leiding het die blad bly voortbestaan tot 21 November 1953 ((23ste jaargang, nr. 24). Omstreeks daardie datum is 'n ooreenkoms gesluit tussen die eienaars van die tans nog bestaande „Nederlandse Post" en die eienaar-redakteur van die „Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika," mnr. C. Plokhooy. Daar is onder meer besluit dat die blad van mnr. Plokhooy en die toentertyd bestaande „Nederlandse Post" albei dele sou vorm van 'n nuwe blad, 'n blad wat mettertyd onder die naam „Nederlandse Post" voortgesit is.

Hierdie ooreenkoms het dan die einde beteken van die bestaan van 'n blad wat eers weekliks en daarna eenkeer per twee weke gereeld in die Transvaalse Hoofstad van die pers verskyn het en sy lesers oor die lengte en breedte van die Unie gevind het. Ongetwyfeld het eksemplare van die blad ook gereeld hul weg na Nederland, die toenmalige Nederlands Oos-Indië en die Nederlandse gebiedsdele in Wes-Indië en Suriname gevind.


Die oudste uitgawe, wat danksy die welwillendheid van die eienaar-redakteur van die blad in ons besit gekom het, dateer van 27 Augustus 1932. Op daardie tydstip was die „Goede Hoop"-drukkers, Kochstraat 195, die drukkers-uitgewers. Die laaste nommer is op die perse van die V. & R.-drukkery, ook in die Hoofstad, gedruk.

Wanneer die belangstellende leser die inhoud van die agtereenvolgende jaargange bestudeer dan word hy allereers deur die doelstelling van die eienaar-redakteur getref. Hy het steeds daarna gestreef om as 'n onafhanklike waarnemer daardie menigvuldige aangeleenthede te berig en te vertolk wat hom en sy leserskring na aan die hart gelê het. Berigte aangaande Nederland, kommentare in verband daarmee, beskrywings aangaande Oos en Wes is natuurlik altyd gretig deur die lesers, Nederlanders, oud-Nederlanders en vriende van Nederland, in ons land ontvang, beoordeel en soms veroordeel. Meer as eenkeer het die vaardige en soms vlymskerp pen van die redakteur-eienaar in 'n geveg gewikkel geraak met hulle, binne of buite sy eie kring, wat met hom van mening verskil het.

Die redakteur-eienaar van die „Hollands Weekblad" het hom verder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Staatssekretaris N. J. R. Swart se eertydse woonhuis op die hoek van Andries- en Jacob Maréstraat.*

*Foto: Piet Duminy.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in sy kolomme as doel gestel om Nederlandse landverhuisers in hul nuwe omgewing op hul gemak te laat voel. Hier het hy as voorligter opgetree. Hier het hy, met sy ryp ervaring, die immigrant gewys watter plek hy vir hom in die nuwe samelewing moet inneem.

Op hierdie wyse het die heer Plokhooy ongetwyfeld goeie werk gedoen. Daar is meer. Hy, wat reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog van Transvaal sy tuiste gemaak het en tydens die gewapende botsing tussen Boer en Brit in die veld was en kans gesien het om in dieselfde jare as een van die propagandiste vir die Boeresaak in Nederland en Vlaandere op te tree, het sy blad ook dikwels gbruik om herinneringe aan daardie verlede lewendig te hou.

Nie alleen het die heer Plokhooy hom beywer om die herinneringe aan die slag van Elandslaagte lewendig te hou nie, maar jarelang was sy orgaan ook 'n bron van inligting aangaande die werksaamhede van die „Vereeniging van Nederlandsche Oud-strijders in den Boerenoorlog 1899-1902" en die „Bond van Oud Z.A.S.M.-Personeel." Navorsers wat belangstel in die werksaamhede van hierdie verenigings, wat meer wil weet aangaande die „Pretoria Gymnastiek Vereeniging," die „Zanglust"-koor, die „Beweging 1652," die Nederlandse verenigings van die Hoofstad, Johannesburg, Bloemfontein en „De Hollandsche Kring" in Kaapstad, kan met vrug diverse jaargange van die blad bestudeer.

Met betrekking tot Pretoria is die jaargange van die blad belangrik met betrekking tot die Nederlandse verenigingslewe in die Hoofstad, maar waarskynlik nog meer waar dit personalia uit dieselfde kring betref. In hierdie opsig was die redakteur-eienaar van die blad steeds besonder nougeset en daar is ongetwyfeld min oud-Nederlanders, lede van die ou garde uit die dae tussen die twee Vryheidsoorloë, van wie daar niks in die blad vermeld is nie.

Onder hierdie ou inwoners van Pretoria was daar sommige wat deur hul werkkring en optrede naam gemaak het. Ander, die grootste aantal, het op meer beskeie wyse hul taak verrig. In die ou jaargange van die „Hollands Weekblad" kan die navorser, wie se aandag na hierdie besondere aspek van die samelewing van die Hoofstad van weleer uitgaan, heelwat bruikbare en verhelderende boustowwe vind.

Dit is veral met hierdie oogmerk dat bostaande reëls geskryf is. Dit sal 'n omvattende studie verg om die betekenis van die „Hollands Weekblad" vas te stel. Dit was nie die bedoeling van die skrywer binne die bestek van hierdie beskouings nie. Sy doel was om die nadruk te lê op die betekenis van die blad vir ons plaaslike geskiedskrywing en dank te betuig aan die tans nog lewende redakteur-eienaar van die voormalige blad, die heer C. Plokhooy, vir die diens wat hy in hierdie verband aan die navorsers van ons plaaslike geskiedenis gelewer het.

— J. PLOEGER.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services